

## WARA Nuusbrief – 28 Julie 2010

Geagte lid

Mnr Haarburger se maatskappy, Verreweide, wat hom nie by die uitsprake teen hom van die Kaapse Hoë Hof sowel as die Appélhof wou neerlê nie, het hom tot die Konstitusionele Hof gewend. Dit doen my groot genoë om u mee te deel dat die hoogste hof in die land daardie aansoek van die hand gewys het.

Wat beteken dit?

Dit behels dat die oorspronklike uitspraak teen Verreweide en die Kaap Agulhas Munisipaliteit gehandhaaf word.

- Erf 599, die eiendom oorkant die kampeerterrein, moet in sy oorspronklike toestand aan die Munisipaliteit teruggegee word.
- Verreweide en die Munisipaliteit moet die hofkoste betaal wat ons aangegaan het deur die ontwikkeling teen te staan.

Selfs belangriker, dit beteken dat u vereniging se optrede geheel en al geregverdig is. Die besluit om tot regstappe oor te gaan was die korrekte een. Die uitspraak is deur prominente juriste aangeprys as 'n rigtinggewende uitspraak en 'n belangrike oorwinning vir verantwoordbare plaaslike bestuur in Suid-Afrika.

Terwyl ons sterk op die ordelike teruggawe van die eiendom en die terugbetaling van ons koste moet en sal aandring, moet ons nou ook verseker dat die eiendom behoorlik en in die beste belang van die gemeenskap benut word. Ons sal u op die hoogte hou van vordering in hierdie verband.

Klaarblyklik is ons verlig dat hierdie kwessie suksesvol afgehandel is. Dit beteken egter nie dat die taak tot 'n einde gekom het nie. Ons moet hierdie welslae benut as motivering om voort te gaan om Waenhuiskrans/Arniston behoorlik te beskerm. Hierdie geval is 'n voorbeeld van wat eendersdenkende mense kan bereik as hulle saamwerk. Ons moet waaksaam bly om te verseker dat hierdie soort ding nie weer gebeur nie. Slegs op hierdie wyse sal ons in staat wees om die erfenis te bewaar wat hierdie plek verteenwoordig, en sodoende die lewens verbeter van die mense wat hier woon en die strandoord besoek.

Ek wil u almal graag bedank vir die oorweldigende steun wat u in die loop van die hofsake verleen het. Aan diegene, hoewel naamloos, wat ruimhartig hul geld en tyd gebied het, is veel verskuldig wat nooit ten volle terugbetaal kan word nie. Hulle behoort te weet dat hul bydrae nie verkwis is nie en ek gee hulle met groot graagte die versekering dat dit nie was nie.

Vriendelike groete

Colin Bird